HESSEQUA MUNISIPALITEIT

NOTULE

SPESIALE RAADSVERGADERING

DINSDAG 24 JANUARIE 2012
OM 09:00

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Speaker heet Raadslede, amptenare en lede van die publiek welkom by die die eerste Raadsvergadering van die jaar en Rdl J Merkeur open met gebed.

2. KONSTITUERING / AANSOEKE OM VERLOF

2.1 Teenwoordig

Lede	Amptenare
Rdl D Abrahams Rdl FC Carelse Rdl PR Claassens Rdl ME Dayimani Rdl L February Rdl L Fourie Rdl A Hartnick Rdl F Hartnick Rdl R Johannes Rdl J Merkeur Rdl E Nel Rdl EJ Prins Rdl CAE Prins Rdl A Stroebel Rdl CP Taute	Mnr J Jacobs Me M Vermeulen Mnr C Onrust Me L Marais

2.2 Verskoning

Geen

Die Speaker deel die Raad mee dat die vergadering gekonstitueer is.

3. MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

Geen

4. GOEDKEURING VAN NOTULES

Geen

5. VERSLAE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Geen

6. SAKE VIR BESPREKING

6.1 MOONTLIKE OORTREDING VAN GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE - RDL CP TAUTE

File Number / Verwysings Nommer: 3/3/6

Meeting Date / Datum van Vergadering: 2012-01-24

Report By / Verslag Deur: Speaker

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

BESPREKING:

Die Speaker hou die item aan die vergadering voor.

Rdl CP Taute versoek ‘n punt van orde en gaan voort om die Raad toe te spreek. Rdl CP Taute deel ook die speaker mee dat die ANC raadslede nie verder aan die vergadering gaan deelneem nie en vra om verskoon te word van die vergadering.

Die Speaker staan nie die versoek om verskoon te word toe nie.

Die Speaker noem dat dit nie ‘n punt van orde was nie en dat besprekings nie toegelaat gaan word nie.

Rdl CP Taute deel die Speaker mee dat hulle die vergadering gaan verlaat want hulle het gevra om verskoon te word.

Die Speaker deel Rdl CP Taute mee dat as hulle wil uitstap is dit reg so, maar dat hulle nie verskoon word nie.

Die ANC Raadslede nl: Rdl CP Taute, Rdl A Hartnick, Rdl ME Dayimani, Rdl L February, Rdl F Hartnick en Rdl D Abrahams verlaat die vergadering.

Die Speaker verwys die Raad na item 10 van die Ordereëls i.t.v verlof tot afwesigheid van vergaderings. Die Speaker noem dat hy nie toestemming gegee het tot verlof vir dié Raadslede om die vergadering te verlaat nie en verdere stappe kan geneem word.

Die Speaker hou weer die item voor aan die Raad.

BESLUIT:

Dat die Raad 'n veelparty-komitee aanstel om die nodige ondersoek te doen, verslag uit te bring en 'n aanbeveling te maak wat bestaan uit: Voorsitter Rdl L Fourie, Rdl Julian Merkeur – COPE, Rdl P Claassens – DA, Rdl F Carelse – Civic Independant, Rdl E Dayimani – ANC.

Voorstel Rdl R Johannes, Rdl C Prins

Die voorstel word eenparig aanvaar.

6.2 MOONTLIKE OORTREDING VAN GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE - RDL A HARTNICK

File Number / Verwysings Nommer: 3/3/6

Meeting Date / Datum van Vergadering:2012-01-24

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

Report By / Verslag Deur:Speaker

BESPREKING

Die Speaker hou die item aan die Raad voor.

BESLUIT:

Dat die Raad 'n veelparty-komitee aanstel om die nodige ondersoek te doen, verslag uit te bring en 'n aanbeveling te maak wat bestaan uit: Voorsitter Rdl L Fourie, Rdl Julian Merkeur – COPE, Rdl P Claassens – DA, Rdl F Carelse – Civic Independant, Rdl E Dayimani – ANC.

Voorstel: Rdl E Nel, sekondant Rdl J Merkeur.

Die voorstel word eenparig aanvaar.

6.3 TERUGVOER VANAF DIE MINISTER PLAASLIKE REGERING OOR MOONTLIKE OORTREDING VAN DIE GEDRAGSKODE

File Number / Verwysings Nommer :3/3/6

Meeting Date / Datum van Vergadering: 2012-01-24

Report By / Verslag Deur: Speaker

BESPREKING:

Die Speaker hou die item aan die Raad voor.

BESLUIT:

Dat die Raad kennis neem van die verslag.

Voorstel: Rdl E Nel, Sekondant Rdl A Stroebel

Die voorstel word eenparig aanvaar.

Die Speaker verdaag die vergadering om 09:20

....

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com

GOEDGEKEUR ` DATUM

PDF created with pdfFactory Pro trial version www.pdffactory.com